

# Anton van Wouw en vroeë Johannesburg

## Prof Alexander E. Duffey

Department of Visual Arts

University of Pretoria

Address for correspondence: 38 Waterson Ave, Kilner Park 0186, Pretoria.

Residence (preferred) : Tel : 012-3337891

Fax : 012-3337891

Office: 012-420-2909 e-mail : aeduffey@postino.up.ac.za

This essay attempts to reconstruct the ten missing years in the life of the well-known South African sculptor, Anton van Wouw, from the end of the Anglo-Boer War to the end of 1910 when he received the commission to make the Women's Memorial in Bloemfontein. These years were characterized by his co-operation with the English architect, Frank Emley, and through him with the mining magnates of early Johannesburg, especially with Lionel and Florence Phillips, who became his patrons and promoted his art in South Africa and overseas. In all the biographies on this artist, which were mainly written by Afrikaner sympathizers, these years were omitted because it would have tarnished Van Wouw's image as the foremost sculptor of Afrikaner life if his supporters had known that he had collaborated with what they considered to be the "enemy" shortly after the Anglo-Boer War. This collaboration was, however, very lucrative and helped him not only to establish himself as an architectural sculptor of note, but also furnished him with the means to devote four years of his life entirely to his art.


Met hierdie artikel wil ek in die eerste plek toon hoedat Anton van Wouw se assosiasie met Frank Emley (1861-1938), en deur hom met Lionel Phillips, die President van die Kamer van Mynwese in Johannesburg, en sy vrou Florence, daartoe gelei het dat hy nie net talle argitektoniese beeldhouwerkopdragte in Johannesburg ontvang het nie, maar dat hy deur hulle ondersteuning gevestig is as 'n vername beeldhouer in die vroeë jare van Johannesburg. In die tweede plek wil ek aandui hoedat hierdie samewerking van Van Wouw met die wêreld van die "Uitlander"-mynmagnate, kort na die Anglo-Boereoorlog, in latere jare vir die Afrikanerkunswêreld 'n verleentheid was en daarom gerieflikheidshalwe totaal verswyg is in al die biografiese bronne oor die beeldhouer.

Lank voordat Anton van Wouw in die laaste week van Desember 1889 saam met sy moeder via Lourenço Marques (Maputo) na Pretoria gekom het, het sy vader, L.A.F.H. van Wouw, wat Inspekteur van Kantore vir die Staatssekretaris, Dr Leyds, was en deur sy broer, G.J. van Wouw, wat Inspekteur van

Masjiene in die Z.A.R. was (*De Volkstem* 13.11.1907: 6) hom reeds bewus gemaak van die moontlikhede wat die ontluikende myndorp, Johannesburg, vir hom as argitektoniese beeldhouer ingehou het. Anton van Wouw het pas vantevore sy opleiding as stukadoor en betongieter by die Vreeswyk Broers in Rotterdam en 'n betonfabriek in Delft voltooi, en sy vader was oortuig daarvan dat hy 'n groot sukses in die bloeiende boubedryf van die Zuid-Afrikaansche Republiek sou maak (Lefebvre 1929: 9).

Binne sy eerste jaar in Pretoria het Van Wouw reeds stukadoorswerk in Barton Keep, die nuwe huis van die prominente Pretoriase sakeman, mnr E.F. Bourke, gedoen (Allen 1971:160) en vanaf Februarie 1891 was hy in die kelder van die nuwe Staatsgebou besig met die boetsering van 'n Staatswapen van die Zuid-Afrikaansche Republiek vir die voorgewel van die "nuwe" Raadsaal op Kerkplein<sup>1</sup>(Rex 1955: 6-13) (Fig 1). Van Wouw was moontlik ook verantwoordelik vir die boetsering van die Staatswapen op die voorgewel van die Ou Fort in Johannesburg, enkele jare later (Telford

1969: 89). Beide hierdie geboue is deur die "Gouvernements Ingenieur en Architect", Sytze Wierda ontwerp (Rex 1974: 422-432). Van Wouw het die opdrag om die wapen en leuse van die Staatsgebou in Pretoria te boetseer egter nie van regeringsweë ontvang nie, maar regstreeks van die boukontraakteur mnr J.J Kirkness.



**Figuur 1.**

**Die Ou Raadsaal kort nadat dit voltooi is, met Van Wouw se wapen en leuse op die pediment (Pretoria News foto 1971).**

Sy assosiasie met Kirkness in 1891 sou vir hom die volgende jaar 'n verdere argitektoniese beeldhouopdrag verseker. Kirkness was ook die boukontraakteur vir die gebou van die Nasionale Bank en Munt van die Zuid-Afrikaanse Republiek wat in Julie 1892 op Kerkplein langs die ou Poskantoor opgerig is (Allen 1971:63-65; Picton-Seymour 1977: 291). Die pilaarkoppe van die pilasters op die tweede verdieping van die fasade van hierdie gebou is ongetwyfeld die werk van Van Wouw, aangesien afgietsels daarvan gesien kan word teen die muur in sy ateljee op 'n foto wat in 1895 van Van Wouw en Oerder in sy ateljee geneem is (Fig 2) en wat tans in die besit van die Stadsraad van Pretoria is (Duffey 1981 : 8).


In 1894 het Van Wouw al die argitektoniese beeldhouwerk gemaak vir



**Figuur 2.**

**Van Wouw en Oerder in Van Wouw se ateljee in Pretoria c. 1895. Let op die argitektoniese versierings teen die mure agter die kunstenaars (Stadsraad van Pretoria)**


die ou Standard Bankgebou op Kerkplein in Pretoria (Fig 3), wat deur die argiteksfirma Emley & Scott ontwerp is (Picton-Seymour 1977: 293). Dit was die eerste keer dat Van Wouw argitektoniese werk vir die argitek Frank Emley gedoen het<sup>2</sup>. Hierdie gebou is in die vyftigerjare gesloop en slegs sewe van die engelfiguurtjies wat bokant venstergewels op die tweede-verdieping was, het behoue gebly en is vandag in die versameling van die Nasionale Kultuurhistoriese museum in Pretoria (*Pretoriana* 1955: 80). Op die reeds genoemde foto van Van Wouw se ateljee in Pretoria wat in 1895 geneem is (Fig 2), kan afgietsels van hierdie panele teen die muur agter die beeldhouer gesien word.



**Figuur 3.**

**Die ou Standard Bankgebou op Kerkplein kort nadat dit in 1894 voltooi is.**

Op hierdie foto is daar egter ook afgietsels van ander panele wat nie vir die Standard Bankgebou bedoel was nie. Na nadere ondersoek is bevind dat die langwerpige panele en die driehoekige een gemaak is vir die eerste gebou van die Kamer van Mynwese in Johannesburg<sup>3</sup> (Fig 4). Hierdie gebou, wat in 1894/5 opgerig is, is ook deur die argitekte Emley & Scott ontwerp (Van der Waal 1986: 74). Om die argitektoniese beeldhouwerk vir hierdie gebou in Johannesburg te doen, moes Van Wouw die bouverseel in Johannesburg daardie jaar besoek het en was dit onvermydelik dat hy die toenmalige President van die Kamer van Mynwese, Lionel Phillips vir die eerste keer ontmoet het<sup>4</sup>.



**Figuur 4:**  
Die vooraansig van die ou Kamer van Mynwesegebou in Marketstraat in Johannesburg met Van Wouw se beeldhouerliëf daarop (Foto: MuseumAfrica).

Phillips was 'n hartstogtelike versamelaar en ondersteuner van die skone kuns en hy moes sekerlik belang gestel het in die beeldhouer se ontwerpe vir die versiering van sy hoofgebou in Johannesburg (Gutsche 1966:93). Op daardie stadium was Frank Emley ook besig met die ontwerp van Lionel en Florence Phillips se

nuwe dubbelverdiepinghuis "Hohenheim" in Parktown<sup>5</sup> (Telford 1969 : 8-9).

As dit nie was vir die opdrag wat Van Wouw in Oktober 1896 van Sammy Marks ontvang het om 'n standbeeld van president Paul Kruger vir Pretoria te maak nie, dan het hy sekerlik voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in Johannesburg groot naam gemaak as een van die voorste argitektoniese beeldhouers



**Figuur 5:**  
Van Wouw besig met 'n argitektoniese reliëfpaneel vir 'n onbekende gebou. Kyk die pilaarkop vir die Nasionale Bank en Munt op Kerkplein in Pretoria agter teen die muur.

van daardie tyd. Hy moes egter vir drie jaar na Rome gaan om die Krugerstandbeeld daar te voltooi en toe hy teen die einde van September 1899 in Pretoria terug was, was die Anglo-Boereoorlog op hande en was daar nie tyd vir beeldhouwerke en kunstenaars nie (Duffey 1981 : 6-9).

Van Wouw het nie deelgeneem aan die oorlog nie, maar het besluit om eerder in Pretoria te bly, aan sy beeldhouwerk te werk en kunslesse in sy ateljee aan studente te gee. Die toekomstige argitek, Gordon Leith, en vier damestudente het gedurende 1901 by Van Wouw kunslesse gekry (Leith 1964:34). In die Van

Wouwhuismuseum in Pretoria is 'n album met 'n aantal foto's van Van Wouw in sy ateljee in Pretoria in 1901 waar hy besig is om kunsonderrig aan hierdie studente te gee. Een van die foto's is besonder insiggewend aangesien mens daarop die gipsbeeldjie van *Die Student* sien, wat Van Wouw in 1901 van Gordon Leith gemaak het, sowel as die borsbeeld van 'n Boesman, wat ook in 1901 gemaak is. Hierdie beeldjies help om die foto's te dateer.

Daar skyn 'n opsetlike stilte te wees oor Van Wouw se samewerking met die myngemeenskap van Johannesburg gedurende die eerste tien jaar van die twintigste eeu. Die meeste van die skrywers wat na 1913 oor Van Wouw se lewe en werk geskryf het, soos F.J. du Toit<sup>6</sup>, M. Bokhorst<sup>7</sup>, M.L. du Toit<sup>8</sup>, A.C. Bouman<sup>9</sup>, Morris Cohen<sup>10</sup>, G. Dekker<sup>11</sup>, Nora Steyn<sup>12</sup>, H.M. van der Westhuysen<sup>13</sup> en S. H. Pellissier<sup>14</sup>, gee weinig inligting oor sy lewe en werk in die tydperk tussen die Krugermonument en die Nasionale Vrouemonument. Afgesien van die opdrag wat hy in 1905 van die Stadsraad van Pretoria ontvang het om 'n borsbeeld van president M.W. Pretorius, die stigter van Pretoria, te maak, die kleiner beeldjies van Boere- en Bantoetipes van 1907, en die reliëfpaneel vir die horlosiegesig van die nuwe poskantoorgebou in Pretoria in 1909, leer ons uit die geskryfte van Van Wouw se Afrikanerbiografie weinig oor sy doen en late vanaf die einde van die Anglo-Boereoorlog totdat hy die opdrag vir die maak van die Nasionale Vrouemonument in Bloemfontein in 1910 gekry het. Was dit opsetlik omdat hy in hierdie jare nou saamgewerk het met die Engelse mynmagnate van Johannesburg, wat in die oë van die Afrikaners van daardie tyd kort na die Anglo-Boereoorlog as die vyand gesien is, of was dit omdat die meeste van die werk argitektoniese werk was wat nie juis deur die moderniste as skone kuns beskou is nie? Wat ookal die rede was, dit bly vreemd dat tien jaar van die lewe van

so 'n produktiewe kunstenaar net geïgnoreer kon word. Die feit dat mev. Van Wouw al die beeldhouer se persoonlike dokumente kort na sy dood in Julie 1945 vernietig het, dra by tot die probleem om hierdie problematiese jare met sekerheid te rekonstrueer. Afgesien van enkele verwysings in buitelandse en plaaslike Engelse koerante en tydskrifte, bestaan daar dus min dokumentêre gegewens oor hierdie tydperk in Van Wouw se lewe en sekere rekonstruksies en gevolgtrekkings berus uit die aard van die saak op afleidings en vermoedens wat gemaak word op grond van die karige inligting uit hierdie koerante en tydskrifte.

Kort na die Anglo-Boereoorlog het Anton van Wouw in Johannesburg weer kennis gemaak met Frank Emley. Van Wouw het hard gewerk om die "regte" mense in die bou- en mynbedryf in Johannesburg in hierdie jare te leer ken. Die effek hiervan op sy loopbaan en sy daaropvolgende vriendskap met Frank Emley en deur hom met Florence Phillips, kan skaars onderskat word. Op daardie stadium was Emley een van Johannesburg se belangrikste pionier- argitekte en hy was reeds sedert 1898 in vennootskap met 'n ander bekende Johannesburgse argitek, William Leck (1860-1907) (Radford 1989: 1). Leck en Emley was in hierdie vroeë jare van die twintigste eeu verantwoordelik vir 'n aantal van die belangrikste geboue in Johannesburg, waaronder die derde Corner Housegebou (1902-03), die Nasionale Bankgebou (1903-04), die derde Rand Clubgebou (1902-04) en die derde Aandelebeursgebou (1902-04).

Rondom 1903 is die eerste "wolkekrabbers" van nege verdiepings in Johannesburg gebou en het die stadsentrum en die mynhope die duidelike en onmiskenbare landmerke van Johannesburg se stadsgesig geword. Hierdie hoë myn- en finansiële huise van Johannesburg het die geldmag van die private sektor gesimboliseer en was 'n duidelike manifestasie van die finansiële mag van die stad. Uitstaande voorbeelde

van hierdie nuwe geboue, wat binne die eerste sewe jaar van die nuwe eeu in Johannesburg opgerig is, was geboue soos die derde Corner House, die tweede Nasionale Bankgebou, die Rand Clubgebou, die Exploration-gebou, die Carlton Hotel, die Cullinangebou, die Standard Bankgebou, die Cuthbert's-gebou, die National Mutual Insurance-gebou, die Hollardstraat Aandelebeurs-gebou en ander.

In 1903 en 1904, met die groot oplewing in die boubedryf in Johannesburg na die Anglo-Boereoorlog, het Van Wouw gewerk aan beeldhouwerk, argitektoniese versiering en dekoratiewe boligte vir talle van die nuwe geboue wat in die middestad verrys het. In hierdie tyd is baie aandag geskenk aan estetiese in die boukuns met die klem op vakmanskap en formele versiering, wat natuurlik goed ingepas het by Van Wouw se eie sienswyses. Deur Frank Emley het Van Wouw die pioniermeesterbouwer M.C.A. Meischke (1859-1935) ontmoet wat hom gesubkontraakteer het vir die versiering van baie van die geboue wat hy in Johannesburg opgerig het. Hierdie oplewing in die boubedryf in Johannesburg na die Anglo-Boereoorlog het ook vir Van Wouw die geleentheid gebied om bekendheid te verwerf onder die mynmagnate, wat geld gehad het om aan kwaliteitkunswerke te bestee.

Alhoewel die lys nie volledig is nie, is die belangrikste geboue en huise in vroeë Johannesburg waarvoor Van Wouw beeldhouwerk gemaak het, die volgende:

### Corner House (Fig 6)

Hierdie nege verdieping Neo-Barokgebou is teen die einde van 1902 deur Leck en Emley ontwerp vir H. Eckstein & Co. en is beskou as Johannesburg se eerste "wolkekrabber". Dit is in 1904 voltooi. Corner House wat op die hoek van Commissioner- en Simmondsstraat opgerig is, was die grootste en mees byderwetse kantoorblok in Suid-Afrika in

daardie tyd en was voorwaar 'n monument van die voorspoed van die jong stad. Dit was die eerste staal-raamstruktuur in Johannesburg wat deur die Milliken Broers van New York verskaf en opgerig is (Cartwright 1965 : 199). Die gebou was die setel van die Consolidated Gold Fields of South Africa en die invloedrykste mense in die mynbedryf het kantore in hierdie gebou gehad. Corner House is vanuit Londen beheer deur die privaatvenootskap van Wernher, Beit & Co., wat in Johannesburg verteenwoordig is deur H. Eckstein & Co. Hierdie vennote het 'n indrukwekkende aantal myn- en niemynmaatskappye beheer soos byvoorbeeld Rand Mines Ltd. en die Central Mining & Investment Corporation Ltd. (Fraser & Jeeves 1977: 5). Die gebou is een van die min "wolkekrabbers" uit hierdie tyd wat vandag nog staan.



**Figuur 6.**  
Corner House in Johannesburg in die twintigerjare (Foto: MuseumAfrica).

Van Wouw het nie alleen gebeeldhoude versierings vir die buitekant van hierdie gebou gemaak nie, maar hy was ook verantwoordelik vir die houtboligte en pleisterversierings in die Klassieke styl vir die gewelfde koepel van die ingangsportaal (Rompel 1914 : 5).

## Northlands

In 1903/04 het John Dale Lace die argitek Herbert Baker opdrag gegee om vir hom 'n groot herehuis in die Arts-en-Craftsstyl van William Morris in Parktown te bou. Van Wouw is genader om die boligte te ontwerp. Dit was die eerste Bakergebou waarvoor Van Wouw argitektoniese beeldhouwerk in die vorm van boligte gemaak het. Die huis is opgerig in Oxfordweg in Parktown. In 1908 moes Lace die huis aan Sir George Albu verkoop om sy skuld te delg. Gelukkig bestaan dit vandag nog as 'n nasionale monument (Barry & Law 1985 : 124-128).

### Rand Club (Fig 7)

Die derde Rand Club, 'n vyfverdieping-Neo-Franse Renaissance-gebou in Lovedaystraat, is in 1902 deur Leck en Emley ontwerp en in 1904 opgerig. Die gebou was 'n vierkantige blok met vertikale arkades en kolonnades en swaar horisontale kroonlyste vir versiering aan die buitekant. Binne is die ingangsportaal indrukwekkend met 'n ry hoë Ioniese pilare en die smaakvolle gebruik van pilasters, kroonlyste en ornamentele stukadoorswerk. Gelukkig is hierdie gebou nie gesloop nie en dien dit vandag as 'n goeie voorbeeld van die oorgang van die



Figuur 7.

Die Rand Club kort nadat die in 1904 voltooi is. Van Wouw het boligte en argitektoniese versierings vir hierdie gebou gemaak (Foto: MuseumAfrica)

Viktoriaanse na die Edwardiaanse ideale in die boukuns.

Dit is byna seker dat Van Wouw verantwoordelik was vir die ornamentele stukadoorswerk en die boligte van hierdie gebou.

### Aandelebeursgebou (Fig 8)

Die derde Aandelebeursgebou in Hollardstraat was 'n vierverdiepinggebou in Neo-Renaissancestyl met 'n staalstruktuur agter die klipwerk. Dit is deur Leck en Emley ontwerp as gevolg van 'n ope kompetisie wat hulle in 1903 gewen het en Milner het die hoeksteen op 6 April 1903 gelê (Picton-Seymour 1977 : 339). Die gebou was in die vorm van 'n Renaissance palazzo met die hoofversiering aan die buitekant die Korintiese pilasters en die halfsirkelvormige en driehoekige vensterpedimente. Die boukontraakteur was mnr C. Woods en Van Wouw is gesubkontraakteer om die Korintiese pilasterkoppe en stukadoorswerk binne die gebou te maak. Hierdie gebou is ongelukkig in 1958 gesloop.



Figuur 8.

Die ou Aandelebeursgebou in Hollardstraat in Johannesburg

### Sauergebou

Die Sauergebou was 'n sesverdiepinggebou in die Neo-Queen Annestyl wat deur Leck en Emley vir die mynmagnaat Dr Hans Sauer<sup>15</sup> ontwerp is en in 1903 in

Marketstraat opgerig is (Norwich 1986: 158). Dit is nie presies seker wat Van Wouw vir hierdie gebou geskep het nie, maar dit kon moontlik boligte vir die interieur of dekoratiewe Klassieke stukadoorswerk vir die gewels gewees het.

### Die Cullinangebou (Fig 9)

Die Cullinangebou was 'n vyf-verdiepinggebou in die Neo-Queen Annestyl wat deur Leck en Emley ontwerp is en in 1904/05 in Mainstraat opgerig is deur M.C.A. Meischke<sup>16</sup>. Hierdie aansienlike rooi-en-okker baksteengebou was tipies Edwardiaans met sy dekoratiewe smeesterbykomstighede, geglasuurde teëls en marmerinlegwerk. Hierdie gebou is in 1966 gesloop om plek te maak vir die nuwe Standard Banksentrum.



**Figuur 9.**

Die Cullinangebou in Mainstraat was die hoofkwartier van Cullinan Holdings en is in 1904/05 opgerig

Die enigste verwysing dat Van Wouw beeldhouwerk vir hierdie gebou gemaak het, kom uit 'n artikel van Denys Lefebvre van 1929, waar hy skryf dat:

“Through him (Emley) he did the ornamental mouldings for the old Chamber of Mines, Rand Club, Corner House, *Cullinan Buildings*, (my kursivering) head office of the Standard Bank and amongst other work in Pretoria the owl which is perched on the top of the Reserve and Investment Building in Church Street, Pretoria...” (Lefebvre 1929:9).

Dit wil voorkom dat Van Wouw hier ook verantwoordelik was vir die gebeeldhoude boligte en moontlik gebeeldhoude panele aan die buitekant van die gebou.

### Die Standard Bankgebou (Fig 10)

Hierdie aantreklike Neo-Barok gebou op die hoek van Commissioner- en Harrisonstraat is in Augustus 1905 deur Stucke en Bannister ontwerp en in 1906 voltooi. Die ingang op die hoek van Commissioner- en Harrisonstraat is 'n imposante dubbelgekurfde boog met die beelde van *Justisie en Handel* daarop, wat volgens verskeie bronne deur Charles Marega gemaak is (*The Transvaal Leader* 1908: 50). In *Longlands Transvaal directory* van 1905 word Van Wouw geadverteer as 'n beeldhouer en boetseerder in Johannesburg in vennootskap met Charles Marega (*Longlands* 1905: 871 & 1291). Van Wouw moes dus ongetwyfeld ook 'n aandeel gehad het in die maak van die gebeeldhoude figure bokant die ingange van hierdie bankgebou, sowel as die versierde Ioniese suilehoofde binne in die gebou (Lefebvre 1929: 9).




**Figuur 10.**

Die Standard Bankgebou in Commissionerstraat se hoofingang met Van Wouw en Charles Marega se beelde van *Justisie en Handel* bokant die hoofingang.

## Die Transvaalse Bank en Handelsvereniginggebou (Fig 11)

Die vyfverdiepinggebou van die Transvaalse Bank en Handelsvereniging in die Franse Renaissancestyl op die hoek van Fox- en Sauerstraat is ontwerp deur 'n jong Switserse ingenieur-argitek, Theophile Schaerer, wat in 1904 na Johannesburg gekom het (Benjamin 1979: 26-29).



Figuur 11.

Die Hoofingang van die Transvaalse Bank en Handelsvereniginggebou in Sauerstraat voordat dit in 1974 gesloop is. Van Wouw se leuukoppe kan onder die balkon gesien word.

Elkeen van die vyf verdiepings van hierdie gebou is anders – die grondvloer was van soliede rustiekklip soos 'n Renaissance-palazzo, die volgende twee verdiepings was versier met balustradebalkonne en vensterpedimente, die vierde verdieping was redelik eenvoudig en die boonste verdieping het wye boë met gekurfde ysterbalkonne gehad. Op die hoek van Fox- en Sauerstraat was 'n kloktoring met horlosies en 'n koperkoepeldak. Die bouwerk is laat in 1905 deur M.C.A. Meischke begin en hy het vir Van Wouw gesubkontraakteer vir beeldhouwerk aan die onderste verdieping van die gebou. Van Wouw was verantwoordelik vir die leeu-agtige dakspuiers in gebeeldhoude graniet onder die balkonne by die ingangsdeure. Hierdie gebou is teen November 1906 voltooi. Dit is ongelukkig in 1974 gesloop.

## Villa Arcadia

Vroeg in 1909 het Lionel Phillips Herbert Baker opdrag gegee om vir hom 'n nuwe herehuis te ontwerp en te bou op 'n erf aan die laer hange van Parktown Ridge, wat hy in 1906 gekoop het (Barry & Law 1985 : 134). Lionel se vrou, Florence, het daarop aangedring dat alles van die huis plaaslik ontwerp en vervaardig moes word. Dit het toegelaat dat die beeldhoukundige werk deur Van Wouw gedoen kon word.

Die huis is ontwerp soos 'n Italiaanse villa en Baker het Van Wouw opdrag gegee om kleimodelle te maak vir die sewe dekoratiewe boligte en deurversierings, wat John Harcus later uit klaat uitgekerf het (Barry & Law 1985 : 134). Van Wouw was ook die skepper van die vergulde druiwetrosse wat die panele in die biblioteek en musiekkamer versier het en hy was verantwoordelik vir die verweefde letters L.P. bokant die ingangsdeur (Gutsche 1966 : 238).

Daar is 'n aantal imposante geboue uit hierdie vroeë jare in Johannesburg wat moontlik ook met beeldhouwerk van Anton van Wouw versier is, maar ongelukkig kon geen verwysings hierna nog opgespoor word nie. Dit sluit die volgende geboue in:

- i) Die ou Nasionale Bankgebou van Leck en Emley in Simmondstraat, wat in 1903/04 opgerig is. Hierdie gebou bestaan vandag nog as Barcklays Nasionale Bank.
- ii) Die Carlton Hotel, ook van Leck en Emley, wat 'n hele stadsblok tussen Eloff-, Commissioner-, Market- en Joubertstraat ingeneem het en in 1904/05 opgerig is.
- iii) Die Cuthbertsgebou (Fig 12) op die hoek van Pritchard- en Eloffstraat is in 1904 deur Stucke en Bannister ontwerp en opgerig. Hierdie gebou bestaan vandag nog as 'n winkel.
- iv) Die Transvaal University Collegegebou in Eloffstraat wat deur



Robert Howden ontwerp is en in 1907 opgerig is.



**Figuur 12.**

**Die Cuthbertsgebou in Pritchardstraat in Johannesburg nadat dit in 1904 voltooi is.**

Lionel Phillips, wat kort na die Jameson inval na Engeland terugkeer het, het op 23 November 1905 weer na Johannesburg terugkeer as Voorsitter van Rand Mines en sy vrou Florence op 21 Februarie 1906 (Gutsche 1966: 189, 191 & 197). Kort na hul terugkeer het die Phillipse hul leiersrolle in die kultuurlewe van Johannesburg hervat en terselfdertyd belangrike ondersteuners van Van Wouw se kuns geword. Teen Julie 1906 het Van Wouw sy ateljee in Pretoria verkoop met die bedoeling om hom permanent in Johannesburg te kom vestig (*Pretoria News* 4.6.1906: 2). Daar blyk belangrike redes hiervoor te wees, wat hul oorsprong moontlik by die Phillipsgesin gehad het.

'n Kort paragraaf in 'n Nederlandse tydskrif van 1914 gee vaagweg vir ons hier 'n antwoord en maak melding van finansiële ondersteuning wat Van Wouw van die mynmagnate van vroeë Johannesburg ontvang het. Die volgende uittreksel is insiggewend:

*"Een syndicaat bracht geld bij elkaar om de kunstenaar in staat te stellen, drie jaar zonder materiële zorgen zich geheel aan zijn kunst te kunnen wijden. Daarna maakte Abe Bailey dit van Wouw voor een jaar mogelijk. Dit alles geschiedde vóór hem de opdracht tot 't maken van 't Vrouwen-monument gewerd..."* (Rompel 1914 : 5).

As hierdie sindikaat gevorm is vier jaar voor Van Wouw die opdrag om die Vrouemonument te maak ontvang het, wat in 1910 was, dan moes dit in 1906 tot stand gekom het en dan verklaar dit ook waarom hy sy ateljee in Pretoria verkoop het. Dit beteken dus dat Van Wouw van die middel van 1906 tot ongeveer die middel van 1910 voltyds aan sy kuns kon werk sonder enige finansiële bekommernisse omdat die mynmagnate daarvoor gesorg het.

In Julie 1906, voordat Van Wouw na Johannesburg verhuis het, het hy in Pretoria gehelp met die organisering van die Rembrandt-herdenkingsfees (*Die Volkstem* 18.7.1906:7). Hy was ook behulpsaam met die reëlings vir die besoek en uitstalling van die werk van die Hollandse kunstenaar, Edward Frankfort aan Pretoria daardie maand (*Die Volkstem* 7.7.1906:7). Dit was moontlik Frankfort wat hom oortuig het dat sy toekoms in Johannesburg lê en nie in Pretoria nie, daar Frankfort Frans Oerder oortuig het om na Holland toe terug te keer.

Nadat Van Wouw teen die einde van Julie 1906 na Johannesburg verhuis het, het hy verblyf gekry by die Switserse argitek, Theophile Schaerer, wat die huis by Sivewrightlaan 111 in Doornfontein<sup>17</sup> besit het (Liebenberg 1983: 3). Van Wouw het vir hom 'n ateljee ingerig in hierdie huis en ernstig begin werk aan die kleiner beeldjies van Boere- en Bantoetipes, waarvoor hy later groot bekendheid verwerf het. As modelle het hy gebruik gemaak van swart myners wat hulle dienste as tuiniers aan die gegoede inwoners van Doornfontein aangebied het wanneer hulle van diens af was. Die meeste van hierdie mans was trekarbeid

wat van alle dele van Suider-Afrika gekom het om op die myne in Johannesburg geld te verdien. Daar was Swazi's uit Swaziland, Zoeloes uit Natal, Basoetos uit Basoetoland en Xhosas uit die Ooskaap. Die instelling van hutbelasting deur die koloniale owerhede van die verskillende gebiede van Suider-Afrika na die Anglo-Boereoorlog, het toereikende arbeidskragte uit die plattelandse bevolking vir die Witwatersrandse myne verseker. Hierdie mans het al die verskillende Afrikastamme van die sub-kontinent verteenwoordig en in die kleiner beeldjies wat Van Wouw van die Bantoetipes gemaak het, het hy hul etniese eienaardighede met opset geaksentueer.

In die loop van 1906 het Van Wouw tien beeldjies van Bantoetipes voltooi en drie Boeretipes gemaak. Dieselfde modelle is dikwels vir meer as een beeldjie gebruik, met die gevolg dat *Zoeloe* en *Sidwane Tokosile* dieselfde Zoeloe weergee; *Skapuspeler* en *Slapende Swartman* is weer dieselfde Xhosa; *Shangaan* en die *Mieliepapeter* is dieselfde Shangaan en *Daggaroker* en *Laggende Basoeto* beeld dieselfde Basoeto man uit. Wanneer mens na hierdie figure as stereotipes kyk, merk mens dat hulle weergegee is presies soos die mynmagnate verwag het dat hulle weergegee moes word. In koloniale verband word die "onbeskaafde" geïdentifiseer deur sy "primitiewe kleding en eetgewoontes". Gemeet aan hierdie standaard is Van Wouw se *Skapuspeler*, *Sidwane Tokosile*, *Basoetogetuie* en *Mieliepapeter* tipiese voorbeelde van sulke stereotipering. As koloniale kunstenaar wat vir hoofsaaklik gegoede wit kliënte geskep het, het Van Wouw met sy Bantoetipes stereotipes geskep wat hy geweet het byval sal vind by die rykes van Johannesburg en tot hulle sou spreek. Die vrolike *Laggende Basoeto* en die peinsende *Skapuspeler* het dramaties gekontrasteer met die strak werklikhede van die mynwerkers van daardie tyd. Die *Basoetogetuie* aksentueer die heersende siening van daardie tyd dat die plattelandse

Swartman bot is. Dit was die aanvaarde beskouing van die swart Afrikaan deur die dominante groepe in die Johannesburgse samelewing van die vroeë twintigste eeu. Al hierdie beeldjies weerspieël die heersende ideologie van daardie tyd.

Teen die middel van 1907 het Van Wouw al hoe meer betrokke geraak in die kunstewêreld van vroeë twintigste-eeuse Johannesburg, en saam met Frank Emley, Harry McCormick, Herbert Evans en Earl Robert het hulle die *African Art Union* in Johannesburg gestig (Engel 1963 : 275). Intekening op hul nuutgestigte kunstydskrif, *African Art Journal*, was 'n voorwaarde vir lidmaatskap en dit het die intekenaars toegang gegee tot kunsklasse vir twee uur per week in die ateljee van Earl Robert, 'n Johannesburgse spotprenttekenaar, met ingang van 24 Julie 1907. Van Wouw het kleiboetseerwerk en teken aangebied, terwyl Adela Seton-Tait portretkuns, Richard Quince landskap-skildering en Earl Robert swart-en-wit tekening aangebied het (*The Star* 16.7.1907: 7).

Toe Van Wouw se vader in November 1907 in Rotterdam oorlede is, het hy 'n goeie som geld geërf, wat hom in staat gestel het om al die beeldjies wat hy in die loop van 1906 en 1907 gemaak het in Italië in brons te laat giet (*De Volkstem* 13.11.1907 : 3). Hy het ongeveer 21 verskillende beeldjies<sup>18</sup> by die Massa- en Nisini-gieterye in Rome in brons laat giet, met die gevolg dat al die nuwe werkies "1907" gedateer is. Toe hy die uitstekende afgietsels ses maande later uit Italië ontvang het, het hy besluit om 'n eenmanuitstalling in Johannesburg te hou. Hierdie uitstalling is op 7 Julie 1908 in die gebou van die Nederlandse Bank en Handelsvereniging in Foxstraat gehou en belangstellendes is genooi om bestellings te plaas (*De Volkstem* 7.7.1908: 3). Die Phillipse het hierdie uitstalling bygewoon en 'n aantal van die bronsbeeldjies bestel. Hierdie werke het sy *Boesmanjagter*, *Daggaroker*, *Slapende Swartman* en *Basoetogetuie* ingesluit, wat later deur

Florence Phillips aan die Johannesburgse Kunsmuseum geskenk is. Die Phillipse het Van Wouw se talent raakgesien en van hierdie tyd af het hulle Van Wouw se werk voortdurend by talle geleenthede bevorder (Gutsche 1966 : 238). Teen die einde van Julie 1908 is dieselfde uitstalling in 'n gebou in Bankstraat in Pretoria gehou, waar dit deur onder andere die toenmalige Goewerneur-generaal, Lord Selborne, besoek is en hy die *Boesmanjagter* by Van Wouw bestel het (*De Volkstem* 31.7.1908 :3).

Teen hierdie tyd was Van Wouw druk besig met die ontwerpe vir die boligte en ander versierings vir die Phillipse se nuwe huis *Villa Arcadia* wat deur Herbert Baker ontwerp is. Baker was een van die beoordelaars van die ontwerpe vir die nuwe poskantoor-gebou op Kerkplein in Pretoria in Januarie 1909 (*Transvaal Leader* 5.2.1909 :3) en dit was sekerlik hy wat gesorg het dat Van Wouw die opdrag ontvang het vir die groot reliëfbeeld van *Nag en Oggend* vir die horlosiesigebokant die hoofingang (Stuart 1910: 876). Teen die middel van 1909 het die Phillipse gereël dat Van Wouw se werk ook in Londen uitgestal word<sup>19</sup>. Sir Richard Solomon het hierdie uitstalling gedurende die tweede week van Junie 1909 by die Fine Arts Society's Gallery in New Bondstraat in Londen geopen (*S.A. Home Ready Union Bulletin* 1909 : 120). Gutsche (1966:233) bevestig dat Florence Phillips hierdie uitstalling in Londen besoek het wanneer sy skryf dat:

*"Florrie amidst a frenzy of social obligations and charitable works, visited van Wouw's exhibition at the Fine Arts Society's Gallery in New Bond Street and applauded its extension until the end of July...."*

Toe Florence Phillips teen die einde van 1909 na Johannesburg teruggekeer het na 'n besoek van nege maande aan Engeland, was daar 'n gees van afwagting in die stad. In die konteks van die naderende totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika was daar groot

belangstelling in die bekendstelling en ontwikkeling van plaaslike kuns en kunsvlyt. Teen die begin van 1910 was die South African National Union (SANU) besig met die beplanning van 'n groot Arts & Crafts uitstalling in Johannesburg en Florence Phillips was voorsitter hiervan. Die doel van die uitstalling was om plaaslike talent te bevorder en om die publiek in die kunste op te voed. Florence Phillips was nie net hoof van die reëlingskomitee nie, sy het ook die antieke meubelafdeling saam met Herbert Baker en J.M. Solomon beoordeel. Daarbenewens het sy ook die plaaslik-vervaardigde meubels, matte en mandjievlegwerk beoordeel. Anton van Wouw, George Smithard en Frank Emley was die beoordeelaars van die prente, dr F.V.



**Figuur 13.**  
Een van Van Wouw se leekoppe op die Uniegebou in Pretoria.

Engelenburg van die beeldhoukuns en J. M. Solomon van die fotografie. Van Wouw se beeldhouwerk is baie prominent op 'n vleuelklavier op die verhoog uitgestal. Die Arts and Crafts uitstalling is op 28 Maart 1910 deur Sir Lionel Phillips geopen en dit het die plaaslike kunstenaars, vaklui en gekultiveerde lede van die samelewing vir die eerste keer bymekaargebring.

Teen hierdie tyd was Van Wouw reeds besig met die ontwerp van leekoppe<sup>20</sup> (Fig 13) en figuurstudies vir die Uniegebou vir Herbert Baker<sup>21</sup>. Met die besoek van die Hertog van Connaught aan Johannesburg in November 1910 is 'n groot som geld bestee aan die versiering van die stad. Afgesien van die individuele versiering van geboue, was daar ook 'n aantal verwelkomingsboë wat deur verskillende kunstenaars uitgevoer is (Gutsche 1966 : 259). Die Witwatersrandse Kamer van Mynwese het 'n opvallende triomfboog (Fig 14) in Commissionerstraat laat oprig met 'n massiewe beeld van 'n myner deur Van Wouw bo-op (*Transvaal Leader* 1910 : 8). Alhoewel die volgrootte gipsbeeld later vernietig is, bestaan 'n bronsafgietsel van die maket vandag nog in 'n privaatversameling. Hierdie maket is te siene op 'n ou foto van Van Wouw wat daaraan werk (Duffey 1981: 13). Dit was weer die Phillipse wat hierdie opdrag aan Van Wouw besorg het (Gutsche 1966 : 259).



**Figuur 14.**

**Die triomfboog van die Kamer van Mynwese in Commissionerstraat met Van Wouw se beeld van die Myner bo-op in November 1910.**

Op die vooraand van die geboorte van die Unie van Suid-Afrika het Van Wouw besef dat die belangrikste kwessie vir die nabye toekoms die samewerking tussen Boer en Brit was, maar toe die nuwe Goewerneur-generaal, Sir Herbert Gladstone, in Mei 1910 vir generaal Louis Botha gevra het om 'n regering saam te

stel, het Van Wouw besef dat dit dringend tyd geword het dat hy met die opkomende Afrikanerregering nouer sal moet saamwerk as hy beeldhouopdragte van staatsweë wou ontvang. Terwyl hy dus in 1910 besig was met die beeldhouwerk aan die Uniegebou in Pretoria, het Van Wouw begin dien op die redaksie van die nuutgestigte Afrikanertydskrif *Die Brandwag*, waarvoor hy die eerste buiteblad ontwerp het. Sy kunswerke het hierna gereeld in byna elke uitgawe van hierdie tydskrif verskyn. Terselfdertyd was hy ook 'n stigterslid van die belangrike Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Van Wouw was nie net 'n stigterslid van hierdie organisasie nie, maar hy het ook die amptelike seël vir hierdie "Akademie voor Taal, Letteren en Kunst" ontwerp (*Die Brandwag* 1911 : 118).

Hiermee het Van Wouw verseker dat hy die aandag gekry het van die Afrikanergemeenskap en hul leiers. Dit het vir hom 'n fondament gelê as die groot vertolker van die lief en leed van die Afrikaner soos verbeeld in sy klein beeldjies *Slegte Nuus* en *Kruger in ballingskap*. Gevolglik is hy en die argitek Frans Soff in Julie 1910 gekies om die Nasionale Vrouemonument te ontwerp (Van Reenen 1984 : 513). Hiervoor moes Van Wouw in November 1911 weer na Rome gaan. Na die onthulling van hierdie monument in 1913 het die Nederlandse regering hom vereer met die Ridderkruis van die Orde Oranje-Nassau en is hy alom beskou as 'n nasionale held van die Afrikanergemeenskap. Dit was vanaf hierdie tyd dat daar voortaan weinig geskryf is in Afrikanergeleedere oor Van Wouw se samewerking met die mynmagnate van vroeë Johannesburg. Hy het egter hierna die belangrikste monumentele beeldhouer in Suid-Afrika geword, wat verantwoordelik was vir nie minder as tien belangrike monumente in die land<sup>22</sup>.

## Notes

1 In *De Volksstem* van 2 Februarie 1891 word Van Wouw se werk aan die wapen so beskryf:

*"In een dezer vertrekken is de heer Van Wouw bezig met vaardige hand het Wapen der Republiek te boetseeren; dit Wapen wordt boven den hoofdingang aangebracht en bolooft wegens zijne sierlijke en bevallige behandeling eene fraaie bijlage tot de ornamentatie van het Gouvernementspaleis te worden".*

In *De Volksstem* van 9 Februarie 1891 lees mens die volgende beskrywing van Van Wouw se ontwerp, wat baie ooreenstem met 'n geskilderde weergawe van hierdie wapen, moontlik ook deur Van Wouw in MuseumAfrica in Johannesburg (Kennedy 1972: 277):

*"Het schild van het Rijkswapen is ovaalvormig en geheel volgens eigen schepping gecomposeerd en is verdeeld in 3 deelen, in wier midden een klein schild, waarin het anker. Het linksche bovenvlak van het wapen stelt voor een zittende leeuw, die op het kleine schild met anker, zijn rechter poot doet rusten, het rechtsche bovenvlak stelt een boer voor in 's lands kleederdracht zooals de oude voortrekkers droegen en met een roer in de hand; en in het ondervlak staat de ossenwagen; links en rechts van het schild de vlaggen, die waarop de adelaar met zijne uitgestrekte vleugelen dit alles overdekt. Dan is aan beide zijden een lauriertak aangebracht, die de uiterste hoeken van de frontispice vullen, zoodat al deze verschillende details met elkaar één groot en kragtig geheel uitmaken, dat stellig het gebouw een sieraad zal wezen".*

2 Frank Emley is op 15 Oktober 1861 in Gateshead in Engeland gebore. Hy is in Skotland opgevoed en het as leerlingargitek by Oliver en Lesson in Newcastle sy vakleerlingskap gedoen. In die laat-tagtigerjare het hy na Pretoria gekom en in vennootskap met R.M. Campbell gegaan. In 1893 gaan hy in vennootskap met Frank Scott en verhuis na Johannesburg. Sy eerste belangrike opdragte was 'n herehuis vir Lionel Phillips (1893) en die eerste Kamer van Mynwesegebou (1894). In 1898 het hy met William Leck in Johannesburg in vennootskap gegaan en na die Anglo-Boereoorlog was hulle verantwoordelik vir 'n aantal belangrike geboue in Johannesburg. In 1904 het Emley 'n Fellow van die Royal Institute of British Architects geword. Hy het Gerhard Moerdyk in 1918 gehelp om 'n beurs te kry om argitektuur in die Kaap te bestudeer en ook saam met hom gewerk aan die ontwerp van die N.G. Kerk op Bothaville. Emley het in 1926 na Engeland teruggekeer en is in

November 1938 in Bedford oorlede (Radford 1989 : 1-3).

3 Die enigste bevestiging dat Van Wouw werk aan die ou Kamer van Mynwesegebou in Johannesburg gedoen het, kry mens in 'n artikel van Denys Levebvre in *The Outspan* van 30 Augustus 1929 : 9 waar die volgende staan: *"Subsequently, he became associated with Mr Frank Emley, of Emley and Lake (sic), the Johannesburg architects. Through him he did ornamental mouldings for the old Chamber of Mines"*.

4 Lionel Phillips het in 1892 President van die Kamer van Mynwese in Johannesburg geword. Hy en sy vrou, Florence, was kultuurmense met 'n neiging tot die skone kunste. Hulle het skilderye, antieke meubels en boeke versamel. Hy het 'n hoofrol gespeel in die bevordering van die mynindustrie in Suid-Afrika, beide finansieel en tegnologies. Hy was een van die Reform Committee wat die Jamesoninval beplan het en waarvoor hy ter dood veroordeel is, maar deur president Kruger begenadig is. Die Phillipsgesin het na Engeland teruggekeer na die hofszaak en slegs weer na Johannesburg gekom in Februarie 1906 (Barry & Law 1985 : 109-112).

5 Dit is natuurlik ook moontlik dat Van Wouw stukadoorswerk en boligte vir hierdie huis gemaak het, maar daar kon geen bewyse hiervoor gevind word nie (Benjamin 1979: 8).

6 Du Toit, F.J. 1925. Anton van Wouw, die beeldhouer *Die Huisgenoot* 6.2.1925: 18-21.

7 Bokhorst, M. 1933. Anton van Wouw *Die Nuwe Brandwag* Mei 1933: 64-71.

8 Du Toit, M.L. 1933. *Suid-Afrikaanse Kunstenaars: Anton van Wouw* Kaapstad: Nasionale Pers Bpk.

9 Bouman, A.C. 1935. Anton van Wouw *Kuns in Suid-Afrika* Kaapstad: De Bussy.

10 Cohen, M. 1938. *Anton van Wouw. Sculptor of South African Life*. Johannesburg : Radford Adlington Ltd.

11 Dekker, G. 1943. Anton van Wouw. Grondlegger van die Afrikaanse beeldhoukuns *Die Huisgenoot* 24.12.1943: 4-7.

12 Steyn, N. s.d. *Anton van Wouw* Pretoria: Van Eedens.

13 Van der Westhuysen, H.M. 1945. Anton van Wouw: Beeldhouer wat 'n tradisie geskep het *Die Brandwag* 10.8.1945: 12-13, 31.

14 Pellissier, S.H. 1961. Anton van Wouw 1862-1945 *Ons Kuns I* Pretoria : Lantern.

15 Die mynmagnaat, Dr Hans Sauer, was reeds in Junie 1886 op die Witwatersrand, waar hy tot die eerste gestigte komitee, die Digger's Committee, gekies is. Hy is later as distriksgeneesheer vir Johannesburg aangestel (Barry & Law 1985 : 25).

16 Hierdie gebou was die eerste wat Meischke in Suid-Afrika gebou het na sy terugkeer na Suid-Afrika uit Holland in 1903, waar hy herstel het van oorlogswonde wat hy opgedoen het by Spioenkop waar hy vir die Boeremagte geveg het.

17 Van Wouw het hierdie huis in 1913 by Schaerer gekoop. Die jong argitek, Gordon Leith, het van 1908 tot 1914 hier saam met Van Wouw en Schaerer gewoon en nadat Van Wouw die huis in 1913 gekoop het, het Leith vir Van Wouw 'n nuwe ateljee agter die huis ontwerp en opgerig. Van Wouw het hier gewoon totdat hy in 1938 na Pretoria verhuis het.

18 Hierdie beeldjies het ingesluit: *Die Skapuspeler*, die *Daggaroker*, *Shangaan*, *Slapende Swartman*, die *Basoetogetuie*, die *Jagter wat water drink*, die *Mieliepapeter*, die *Laggende Basoeto*, *Sidwane Tokosile*, *Zoeloe*, *Kruger in Ballingskap*, *Noitje van die Onderveld*, *Slegte Nuus* en 'n aantal ouer beeldjies soos die *Boesmanjagter*, *Kop van 'n Boesman*, *Leemans* en die *makette vir die Krugermonument*.

19 Die Phillipse se betrokkenheid by die reëling van Van Wouw se uitstalling in Londen word bevestig deur Gutsche (1966:228) met die stelling: "They were all doing their best to help the Dutch sculptor Anton van Wouw have a successful exhibition in London".

20 M.L. du Toit (1933: 27) bevestig dat Van Wouw hierdie koppe gemaak het wanneer hy onder sy werk noem dat hy "Leeukoppe vir die Uniegebou" gemaak het.

21 Baker het reeds op 24 November 1909 amptelike goedkeuring vir sy ontwerpe vir die Uniegebou ontvang, maar hy het die datum van sy aanstelling opsetlik geheimgehou omdat hy bewus was dat die Transvaalse kabinet geen regsmag gehad het om die toekomstige nieparlement tot so 'n uitgawe te verbind nie (Radford 1988 : 62). Dit is ook van belang om te besef dat Van Wouw se voormalige leerling en lewenslange vriend, Gordon

Leith, kort vantevore by Herbert Baker se personeel aangesluit het en die meeste van die sketsplanne vir die Uniegebou gedoen het en terselfdertyd 'n belangrike rol gespeel het om Baker se idees na gedetailleerde tekeninge vir baie van die belangrike elemente van die gebou te vertolk (Kruger & Beyers 1977: 507). Aangesien Leith Van Wouw in 1909/10 gereeld gesien het omdat hy in dieselfde huis gewoon het, moes hy sekerlik 'n aandeel gehad het in die aanstelling van Van Wouw vir hierdie opdrag.

22 Hierdie monumente het die volgende ingesluit:

- 1) *Standbeeld van Jan Hofmeyr (1920), Kaapstad*
- 2) *Standbeeld van Louis Botha (1923), Durban*
- 3) *Koning Khama monument (1926), Serowe*
- 4) *Vrouemonument (1927), Dundee*
- 5) *Standbeeld van Andrew Murray (1929), Kaapstad*
- 6) *Standbeeld van president Steyn (1929), Bloemfontein*
- 7) *Standbeeld van genl. Lukin (1932), Kaapstad*
- 8) *Fonteinbeeld vir Suid-Afrikahuis (1932), Londen*
- 9) *Reliëfpaneel vir Johannesburg stasie (1933), Johannesburg*
- 10) *Voortrekker vrou en kinders (1939), Voortrekkermonument, Pretoria*

## Sources cited

Allen, V. 1971. *Kruger's Pretoria. Buildings and personalities of the city in the 19<sup>th</sup>-century* Kaapstad: Balkema.

Anoniem. 1909. South African Bronzes in England S.A. *Home Reading Union Bulletin* July 1909: 120.

Anoniem. 1910. *De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst* Jaarboek 1.

Barry, M & Law, N. 1985. *Magnates and Mansions. Johannesburg 1886-1914*. Johannesburg: Lowry Uitgewers.

Benjamin, A. 1979. *Lost Johannesburg*. Johannesburg: Macmillan S.A.

Bokhorst, M. 1933. Anton van Wouw *Die Nuwe Brandwag* Mei 1933: 64-71.

Bouman, AC. 1935. *Anton van Wouw Kuns in Suid-Afrika* Kaapstad : De Bussy.

Breytenbach, JH. 1954. *Die Geskiedenis van die Krugerstandbeeld* Pretoria : Die Krugergenootskap.

Carman, J. 1987. The inherited art history of a museum *Conference papers of the Third Conference of the South African Association of Art Historians*, 10-12 September, Universiteit van Stellenbosch : 19-48.

Cartwright, AP. 1965. *The Corner House. The Early History of Johannesburg*. Kaapstad: Purnell.

Clarke, J. 1987. *Like it was. The Star 100 years in Johannesburg*. Johannesburg: Argus Printing & Publishing Co.

Cohen, M. 1938. *Anton van Wouw. Sculptor of South African Life*. Johannesburg: Radford Adlington.

Dekker, G. 1943. Anton van Wouw. Grondlegger van die Afrikaanse Beeldhoukuns *Die Huisgenoot* 24.12.1943: 4-7.

#### *De Volkstem*

4 Junie 1906: 2  
7 Julie 1906: 7.  
18 Julie 1906; 7.  
29 September 1906 : 3.  
13 November 1907 : 3  
7 Julie 1908: 3.  
31 Julie 1908: 3.

Duffey, A. 1981. *Anton van Wouw (1862-1945) en die Van Wouwhuis*. Pretoria: Butterworth & Co.

Duffey, A. 1997. Anton van Wouw and the Mining Companies in *Conference papers of the thirteenth annual conference of the South African Association of Art*

*Historians*, 10-13 September, Universiteit van Stellenbosch : 11-22

Dunston, L. 1975. *Young Pretoria 1889-1913*. Pretoria : Heer Uitgewers.

Du Preez, A. 1993. Die Pretoria Art Association en die Pretoria News : Georganiseerde kunsaktiwiteite in Pretoria, 1902 – 1906 *S.A. Journal of Art & Architectural History* 3(1-4): 44-58.

Du Toit, ML. 1933. *Suid-Afrikaanse Kunstenaars : Anton van Wouw* Kaapstad: Nasionale Pers Bpk.

Engel, EP. 1963. Art Life in Johannesburg 1886-1920 *Africana Notes & News* 15(7) : 267-307.

Fraser, M. & Jeeves, A. 1977. *All that glittered. Selected correspondence of Lionel Phillips 1890 – 1924* Kaapstad : Oxford University Press.

Greig, D. 1971. *A Guide to architecture in South Africa* Kaapstad : Howard Timmins.

Gutsche, T. 1966. *No ordinary woman – The life and times of Florence Phillips* Kaapstad : Howard Timmins.

Jacobsson, D. 1936. *Fifty Golden Years of the Rand 1886-1936* Londen: Faber & Faber.

Joyce, P (red). 1981. *South Africa's Yesterdays* Kaapstad : Reader's Digest Association.

Kallaway, P. & Pearson, P. 1986. *Johannesburg : Images and Continuities. A History of Working Class Life through Pictures 1885-1935* Johannesburg : Raven Press.

Keet, AD. 1981. *Briewe van Anton van Wouw aan A.D. Keet* Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.

Kruger, DW. & Beyers, CJ (red). 1977. *Dictionary of South African Biography* Pretoria : Tafelberg Uitgewers.

Lefebvre, D. 1929. The making of a South African sculptor *The Outspan* 30.8.1930: 9.

Leith, B. 1964. *A Chapter from the life of George Leith* Kaapstad : Standard Press Ltd.

Norwich, OI. 1966. *A Johannesburg Album – Historical Postcards* Johannesburg: Ad Donker

Pellissier, SH. 1961. Anton van Wouw 1862-1945 *Ons Kuns I* Pretoria : Lantern.

Phillips, L. 1899. *Some South African Recollections* Londen : Longmans, Green & Co.

Iicton-Seymore, D. 1977. *Victorian Buildings in South Africa* Kaapstad: Balkema.

Potgieter, DJ (red). 1972. *Standard Encyclopaedia of Southern Africa* Kaapstad : Nasionale Boekhandel Bpk.

*Pretoria News*

1 November 1904 : 5.  
19 Julie 1907 : 4.  
29 Julie 1908 : 4.  
5 Mei 1975 : 1

Radford, D. 1988. Baker, Lutyens and the Union Buildings S.A. *Journal of Cultural & Art History* 2(1) : 62-69.

Radford, D. 1989. Frank Emley *The Architects of Parktown* Johannesburg : Parktown & Westcliff Heritage Trust.

Rand Club. 1957. *The Rand Club 1887-1957* Johannesburg: Rand Club.

Rex, HM. 1955. Die vervaardiging, aanbrenging en verwydering van die oorspronklike republikeinse wapen en leuse op die voorgewel van die goewermentsgebou *Pretoriana* 4(3): 6-13.

Rex, HM. 1974. *Die Lewe en Werk van Sytze Wopkes Wierda in Nederland met verwysing na sy betekenis vir die Zuid-Afrikaansche Republiek* DPhil-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Rompel, F. 1914. Antoon (sic) van Wouw *Morks' Magazijn* 16(1914) : 1-8.

Steyn, N. (s.d.). *Anton van Wouw* Pretoria : Van Eeden's Drukkery.

Stuart, J. 1910. Mr Van Vouw's (sic) sculpture – A visit to his studio *The State* Junie 1910: 864-876.

Telford, A. 1969. *Johannesburg. Some sketches of the golden metropolis* Kaapstad: Books of Africa (Pty) Ltd.

*The Star*

16 Julie 1907 : 7  
9 Oktober 1926: 4.

*Transvaal Leader*

5 Februarie 1909 : 3.  
28 November 1910 : 8.

Van der Waal, G. 1986. *Van Mynkamp tot Metropolis. Die boukuns van Johannesburg 1886-1940*. Melville: Chris van Rensburg Publikasies (Edms) Bpk.

Van der Westhuysen, HM. 1945. Anton van Wouw. Beeldhouer wat 'n tradisie geskep het *Die Brandwag* 10.8.1945 : 12-13, 31, 41.

Van Reenen, R. 1984. *Emily Hobhouse – Boer War letters* Kaapstad: Human & Rousseau.



Weltz, S. 1989. *Art at Auction in South Africa* Johannesburg : Ad Donker.